

22 Februarie

Skrifgedeelte: Romeine 1:8-15
Fokusgedeelte: Romeine 1:14, 15

Skuldenaar, daarom die verlange

Die meeste van ons weet hoe dit voel om op een of ander manier in die skuld te wees. Jy skuld waarskynlik op jou huis of motor of miskien is dit net 'n klererekening waarop jy 'n paar paaiemente moet afbetaal. Hoe dit ook al sy, skuld laat 'n mens altyd so 'n bietjie ongemaklik voel. Jy voel mos jy het 'n verpligting wat jy moet nakom.

Die apostel Paulus noem homself 'n skuldenaar ('53-vert.) en sê dat hy daarom 'n verpligting teenoor Grieke en nie-Grieke, asook ontwikkeldes en ongeleerdes het. Nou wonder 'n mens: Wat is sy skuld by hierdie mense?

Uit die voorafgaande verse is dit duidelik dat Paulus die mense in Rome baie graag wou besoek (;ees weer verse 10, 11 en 13). Dit lyk of hy hulle 'n besoek skuld!

Ironies genoeg is dit nie in die eerste plek aan hierdie mense wat Paulus iets verskuldig is nie. Nee, Paulus is by God in die skuld! Hy is in die skuld omdat die Here Jesus met sy lewe Paulus se sondeskuld gedelg het. In Romeine 7 bely Paulus sy skuld: *Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek* (vs 19). En dan roep hy uit: *Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?* (vs 24). Dan, die antwoord: *Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here* (vs 25).

Paulus is by God in die skuld. Die enigste manier hoe hy sy skuld kan vereffen, is om die evangelie van Christus te verkondig. Daarom het hy 'n verlange, 'n verpligting en dringendheid om by die gemeente uit te kom.

Ons elkeen is, net soos Paulus, in die skuld by die Here. Ons het immers dieselfde verlossing ontvang. Is daar by jou ook so 'n dringende verlange om met ander mense oor die Here en sy evangelie te praat? Daar is so baie wat nog moet hoor.

Sing: Skrifberyming 15-7:1, 2

Dr. DJ de Kock (Krokodilrivier)